

21 Julie

Skrifgedeelte: Job 42:7-17

Gods vriend'like aangesig straal vrolikheid en lig

Aan die einde moet Job in opdrag van die Here vir sy drie vriende bid. God is kwaad vir dié vriende, want “julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie” (42:7). Iemand het gesê: Job “was liewer opreg as regsinnig”. Sy rou krete was méér volgens God se wil as die platvloerse “regsinnighede” van daardie sieketroosters.

Job het God nou leer ken as die Here wat bokant álle menslike maat en berekening rojal in sy skepping optree. Job leef nou in ‘n waarlik uitbundige goddelike vrolikheid en lig. Alles is stralend ná sy herstel. Hy kry sy besittings dubbeld terug. Hy kry weer tien kinders. Sy dogters is beeldskoon.

En dit is dan of iets van die verruklike vrolikheid van dié God wat volstruise en ander “snaakse” diere net vir sy eie vreugde gemaak het, op hierdie “nuwe” Job oorspring. Hy noem sy dogters, as ’t ware met ‘n vonkel in die oog: Jemima (Duifie), Kesia (Kaneelblommetjie) en Keren-Puk (Poeierdosie).

En laaste, maar nie die minste nie – hy laat sy dogters sáám met sy seuns erf. In die lig van God se héérlike “glimlag van genade” wat oor hom straal, druk Job ‘n koevoet onder die hele tradisie van vooroordeel teen vroue. Hy het die Vader van alle barmhartigheid gevind. Jy en ek ken Hom nog beter – in die aangesig van Jesus Christus. Wees altyd bly in die Here!

Sing: Psalm 97:7

Dr PP Kruger (Meyerspark)